

Preekvoorligting Sondag 16 September 2018

Skriflesing: 2 Kor 4: 1 - 15

Teksvers: 2 Kor 4: 6,7

Tema: Laat daar lig wees!

“En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. Toe sien God dat die lig goed was. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis” (Gen 1: 3,4). Hierdie is die verhaal van God met die mens. God se wil vir die mens is lig. Maar dit het nie so gebly nie – die mens het die lig verwerp om in duisternis te lewe.

1. God se herskeppingswerk

Reeds in Gen 3:15 begin God met sy herskeppingswerk deur aan te kondig dat daar Een sal kom wat die slang se kop, die ou duiwel, sal vermorsel. Hierdie een wat sal kom word genoem “Lig van die wêreld”, Jesus Christus die Here (Joh 8:12). Waar die duisternis die mens wou oorweldig, verskyn God om die lig ’n werklikheid te maak met die belofte dat die lig nooit deur die duisternis oorweldig sal word nie (Joh 1: 5). So kan ons die lewensverhaal van die mens nagaan – deurentyd is God, waar dit oor die mens gaan, besig om te sê: “Laat daar lig wees”. Hy besig om skeiding te bring tussen lig en duisternis, Sy herskeppingswerk deur te voer. Herskeppingswerk wat inhou dat daar skeiding kom tussen die *kinders van die lig* en die *kinders van die duisternis*. Nou weet ons uit die Bybel dat hierdie herskeppingswerk van besondere belang is, want die *kinders van die lig* ontvang die ewige heerlikheid en die *kinders van duisternis* die ewige verdoemenis. Wonderlik die herskeppingswerk van God vir ons ’n kosbaarheid, ’n skat wat ons in en saam met ons dra.

2. Die houer van God se herskeppingswerk

“Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie” (2 Kor 4:7). Hier die beeld van “erdekruike, erdepotte, kleipotte” – niks buitengewoon nie, inteendeel baie alledaags, houer wat gereeld gebruik en ook gereeld vervang is. Die rede: omdat dit maklik gebreek het. Erdekruike, erdepotte, kleipotte is dus nie waardevolle artikels in hulleself nie. Hierdie beeld gebruik Paulus om gelowiges te beskryf as hy sê hulle is soos erdekruike, erdepotte, kleipotte. ’n Gelowige is dus in homself niks buitengewoon nie, niks wonderliks nie, maar nou die wonderlike – God het “erdekruike, erdepotte, kleipotte” gekies om *die skat van die geloof, die lewe van lig*, in te berg. Swak, nietige mense het God besluit, sal die aller waardevolste skat berg, die skat wat die lewe tot in ewigheid beteken. Geen saak van eie voortreflikheid nie, “sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons (die houer, die mens) nie”. Die gelowige is “erdekruike, erdepotte, kleipotte” sodat die aandag nie op hom gevestig sal word nie, maar op die God wat wonders doen.

Slotopmerkings

Ongeag die wonderlike inhoud wat die “erdekruik, erdepot, kleipot”, bly die houer maar swak en broos. Die gelowiges val steeds in die sonde, maar ons moet weet – die skat wat hulle as inhoud het, is ewige en onvernietigbaar. God se herskeppingswerk in Christus Jesus kan nie tot niet gemaak word nie, meer persoonlik, God se herskeppingswerk vir ons in Christus Jesus kan nie tot niet gemaak word nie. Vir ons sal die dag aanbreek dat daar alleen lig sal wees en geen duisternis nie – die dag wanneer Hy weer kom wat in *die ewige lig woon* naamlik Jesus Christus die Here.